

LOGIX KLEINVEE ELITE TOEKENNINGS 2024



Oos-Kaap
Gerdus de Klerk

Dorper
2081 0576305



A.J. BLOM

Eienskap	Beskrywing	Kudde Waarde	Kudde Punt	Max Punt	
AANTEKENINGE					
		Afdeling Totaal	73.9%	110.9	150
Geboortegewig	Persentasie lewendige lammers met geboorte gewigte (gemeet binne 3 dae na geboorte).	0%	0	3	
Speengewig	Persentasie lammers geweeg by speen.	98.3%	68.8	70	
Na-speense gewig	Persentaise diere met enige naspeense gewig uit die totale moontlike aantal diere wat geweeg kon word.	88.2%	26.4	30	
Groeitoetse	% ramme in groeitoetse uit die totale aantal ramme wat moontlik kon deelneem.	0%	0	20	
Kudde Grootte	Aantal aktiewe ooie in die kudde wat reeds gelam het.	454	15	20	
Stamboom Inligting	Volledigheid van stambome van lammers gebore in die Elite Jaar.	10.0%	0.7	7	

REPRODUKSIE						
		Afdeling	Totaal	64%	32	50
Ouderdom Eerste Lamming	Gemiddelde OEL van ooie wat eerste keer gelam het, in maande.		17m	7	10	
Ooi Vrugbaarheid	Gemiddelde Interlam Periode van ooie, in dae.		291d	18	30	
Dae sedert laaste lamming	Aanduiding van die tydige instuur van ooie se reproduksie-inligting.		31.5%	2	5	
Geboorte Kennisgewing	Gemiddelde aantal dae vanaf werklike geboorte tot skep-datum op LOGIX.		87d	5	5	

GENETIESE MERIETE					
		<i>Afdeling Totaal</i>	<i>63%</i>	<i>63</i>	<i>50</i>
Ooie	Gemiddelde Genetiese Meriete Indeks (LMI) van lewendige ooie ouer as 243 dae.	99.5	20.2	40	
Ramme	Gemiddelde Genetiese Meriete Indeks (LMI) van vaders van lammers gebore tydens die Elite jaar.	105.7	42.8	60	

TOTAAL

68.6% 205.9 300

LOGIX KLEINVEE ELITE TOEKENNINGS 2024



SA Stamboek is die organisasie wat aan die voorpunt van tegnologie in Afrika is, en ons stoettelers se diere is geteel om uiters goed aangepas en winsgewend te wees. Die volle siklus word gedek in die Logix Elite Kudde Toekenning: van die neem van gewigte en evaluering van ooi vrugbaarheid, tot die gebruik van geneties meerderwaardige diere in die kudde om die volgende geslag te verwek.

Die Logix Elite Toekenning identifiseer die top Elite Stoetkuddes in Suid-Afrika. Die toekenning se vereistes is baie streng en die kuddes wat toekenning ontvang, is werklik uitstaande. Die kuddes wat Platinum, Dubbel-Goud en Goue toekenning kry, is die beste 6% stoettelers in die land. Hulle voldoen aan streng vereistes, sodat verseker word dat hulle werklik uitstaande is, reeds jare in die stoetbedryf is en van die beste beskikbare tegnologie gebruik maak. Hulle diere beskik ook oor voortreflike prestasie. Punte word toegeken vir tydigheid en volledigheid van metings en die suksesvolle gebruik daarvan om bestuur en algemene winsgewendheid van die kudde te verhoog.

Tabel 1: Toekenning en vereistes vir deelname

TOEKENNING					
					
Platinum	Dubbel Goud	Goud	Silwer	Bronze	Meriete
Top 10 Kuddes	11 - 20ste Kuddes	>70%	>60%	>50%	>40%
Top 3% van alle Kuddes Voldoen ook aan minimum vereistes: • Minimum kudde grootte van 100 • Minstens 3 jaar in stoetbedryf • Geen agterstallige betalings • Vorige jaar se prestasie is minstens Silwer		Top 4% van alle stoet kuddes oor alle rasse wat aanteken	Top 20% van alle stoet kuddes oor alle rasse wat aanteken	Top 30% van alle stoet kuddes oor alle rasse wat aanteken	Meriete Kuddes
EVALUASIE PERIODE					
Tensy anders vermeld, word alle gewigte en metings wat tussen 01 Julie 2023 en 30 Junie 2024 aangeteken is, geëvalueer. Slegs groei- en woltoetse wat in die betrokke tyd afgesluit is, word geëvalueer. Reproduksie data is volgens die nuutste data wat beskikbaar was met die berekening van die punte.					
Kuddes en Diere wat uitgesluit word uit die toekenning					
• Kuddes wat niet aktief deelneem aan Logix Diere Aantekening nie (m.a.w. net stambome aanteken). • Opgeskorte Kuddes			• Embrio lammers • Ingevoerde diere • FAF (eerste aanvaarding) diere		

LOGIX KLEINVEE ELITE TOEKENNINGS 2024



Aftik Lysie: Waarvoor word punte gegee?

Punte vir sommige afdelings word op 'n persentasie grondslag bepaal, waar die aantal diere wat wel geweeë is uit die moontlike aantal beskikbare diere, in aanmerking geneem word. Alle moontlike diere moet dus gemeet word vir maksimum punte.

Die tydigheid van die indien van data is ook belangrik, omdat dit nie die moeite werd is om diere te meet en te weeg en dan nie die data te gebruik om die kudde te verbeter nie.

Aantekeninge

1. Weeg al die lammers by geboorte en speen (73 punte vir vleisrasse, 63 punte vir wolrasse).
2. Weeg lammers ook naspeen vir 'n verdere moontlike 30 punte by vleisrasse en 20 punte vir wolrasse.
 - Ooie en ramme op die plaas vir 270-dae gewigte.
 - Ramme wat in groeitoetse en ramme en ooie wat in woltoetse geweeë word, word ook hier ingereken.
3. Groeitoets (vleisrasse) : Indien alle moontlike ramme in 'n groeitoets (plaas of sentraal) gemeet word, word 'n addisionele 20 punte toegeken.
4. Woltoets (wolrasse) : Die persentasie diere in woltoetse uit die totale aantal wat wol getoets kon word, apart geweeë vir geslagte: Indien ten minste 90% van ooie deelgeneem het, 25 punte, indien minder as 20% deelgeneem het, 5 punte met glyskaal tussenin. Indien ten minste 70% van ramme deelgeneem het, 15 punte, indien minder as 10% deelgeneem het, 3 punte, met glyskaal tussenin. Indien alle moontlike diere van wolrasse aan woltoetse deelneem, word 'n volle 40 punte verdien.
5. Teken stamboominsligting so akkuraat en volledig as moontlik aan. Punte word toegeken volgens die persentasie lammers waar beide ouers bekend is.

Kuddegrootte

Groter kuddes kry meer punte, bloot omdat dit heelwat meer tyd en moeite verg om groot kuddes se data te hanteer. Maksimum punte word toegeken vir kuddes groter as 1000 diere, net 1 punt vir kuddes kleiner as 40 diere, met 'n glyskaal tussenin.

Reproduksie

1. Ouderdom 1ste lam : Die kudde se gemiddelde ouderdom met eerste lamming (in maande) vir ooie wat die eerste keer gelam het tydens die Elite Jaar. Punte word toegeken volgens die standaardafwyking (SA) van die kudde se gemiddelde OEL vanaf die spesifieke ras se gemiddeld. Volpunte indien kudde-gemiddeld verder as 1 SA-eenheid onder die rasgemiddeld is, en net 0.5 punte indien die kudde se gemiddeld meer as 2.5 SA-eenhede bo die rasgemiddeld is.
2. Interlam Periode : Die kudde se gemiddelde ILP (in dae) tydens die Elite Jaar. Punte word ook toegeken volgens standaardafwyking van die kudde se gemiddelde ILP vanaf die spesifieke rasgemiddeld. Maksimum punte indien die kudde se gemiddeld meer as 2 SA onder die rasgemiddeld is, en slegs 1 punt waar die kudde gemiddeld meer as 2.25 SA bo die rasgemiddeld is.
3. Dae sedert laaste lam : Dis maklik om hier 5 punte te verdien, bloot deur nuwe lammings van ooie so gou as moontlik in te stuur. Kuddes word gepenaliseer ogv % ooie van kudde wat se DSLM bo 370 dae is: As dit <5% van kudde se ooie is, word volpunte gegee, indien >70% van kudde se ooie bo 370 DSLM is, kry 0.5 punt, met glyskaal tussenin.
4. Geboortekenningsgewings : Ook hier kan maklik volpunte verdien word deur lammers se geboortes spoedig op Logix aan te teken. Volpunte word toegeken indien die gemiddelde tydperk tussen die geboorte en skep datum op Logix minder as 90 dae is, en 0.5 punte vir 'n gemiddeld bo 250 dae.

Genetiese meriete van die kudde

Punte vir Genetiese Meriete word toegeken op 'n glyskaal: Volpunte word toegeken waar die kudde se gemiddelde LMI bo 112 is, en slegs 3 punte vir 'n gemiddelde LMI onder 88.

1. Ooie: Skot ooie met laer Seleksie Indekse uit – dit sal verseker dat die indeks-gemiddeld hoër is.
2. Ramme: Gebruik ramme met Seleksie Indekse van bo 100 in die kudde (30+ punte).

Daar is heelwat kuddes wat slegs vrugbaarheidseienskappe meet; sommige van hierdie kuddes het ook gekwalifiseer vir 'n meriete toekenning, indien kuddegrootte en genetiese meriete van ouers in ag geneem word.